



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## FEBRUARIE/MAART 2014

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. BEANTWOORD SLEGS DIE VRAE OOR DIE TONEELTEKSTE WAT JY BESTUDEER HET.

2. Jy word VYFTIEN minute leestyd voor die begin van die eksamen gegun.

3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A (30 punte)
   AFDELING B (60 punte)
   AFDELING C (60 punte)

4. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae:

   VRAAG 1: Epiese Teater
   - *Kaukasiese Krytsirkel* OF
   - *Moeder Courage* OF
   - *Kanna Hy Kô Hystoe*

   VRAAG 2: Teater van die Absurde
   - *Afspraak met Godot* OF
   - *Die Kaalkop Prima Donna* OF
   - *Bagasie*

   Beantwoord slegs EEN vraag uit AFDELING A.

5. AFDELING B bestaan uit AGT vrae:

   - VRAAG 3: *Boesman en Lena*
   - VRAAG 4: *uNosilimela*
   - VRAAG 5: *Woza Albert!*
   - VRAAG 6: *Sophiatown*
   - VRAAG 7: *Nothing but the Truth*
   - VRAAG 8: *Groundswell*
   - VRAAG 9: *Siener in die Suburbs*
   - VRAAG 10: *Mis*

   Beantwoord slegs TWEE vrae uit AFDELING B.

6. AFDELING C bestaan uit DRIE vrae.

   VRAAG 11 en VRAAG 12 is VERPLIGTEND.
   Beantwoord enige EEN van die drie vrae uit VRAAG 13:

   - VRAAG 13.1 OF
   - VRAAG 13.2 OF
   - VRAAG 13.3

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Gee aandag aan die getal punte wat aan elke vraag toegeken is.

9. Gebruik jou klaskamerkennis, asook onafhanklike en kreatiewe denke, om die vrae te beantwoord.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BEGRYP EN ANALISEER

Beantwoord ÓF VRAAG 1: EPIESE TEATER ÓF VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE.

### VRAAG 1: EPIESE TEATER

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Kaukasiese Krytsirkel* OF *Moeder Courage* OF *Kanna Hy Kô Hystoe* bestudeer het.

> Epiese teater verander die toeskouer in 'n waarnemer, maar verhoog sy vermoë vir aksie, dwing hom om besluite te neem … die toeskouer staan buite, bestudeer.
>
> – Brecht oor Teater

Bespreek in 'n opstel hoe Brecht se filosofie die toeskouer van die waarnemer laat weg beweeg om sy vermoë vir sosiale aksie te verhoog. Motiveer jou antwoord deur na spesifieke voorbeelde uit die drama wat jy hierdie jaar bestudeer het te verwys.

Jy mag die volgende in jou opstel oorweeg:

- Brecht se filosofie
- Epiese tegnieke
- Akteur-gehoor-verhouding **[30]**

**OF**

### VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE

Beantwoord hierdie vraag indien jy *Afspraak met Godot* OF *Die Kaalkop Prima Donna* OF *Bagasie* bestudeer het.

> Die woord 'absurd' is onder meer al (op verskillende maniere) gedefinieer as irrasioneel, betekenisloos, onvanpas, teenstrydig met rede, logika of gesonde verstand en dat dit bespotting uitlok. Al hierdie terme kan op die filosofie en praktyk van die Teater van die Absurde toegepas word. – UGO vir VOO

Bespreek die geldigheid (waarheid) van die aanhaling hierbo deur na die filosofie en tegnieke van die Teater van die Absurde te verwys. Motiveer jou antwoord deur spesifieke voorbeelde uit die absurde drama wat jy hierdie jaar bestudeer het, te gebruik.

Jy mag die volgende in jou opstel oorweeg:

- Filosofie van die Teater van die Absurde
- Tegnieke van die Teater van die Absurde (temas, intrige, karakters, verhooginkleding) **[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER

Beantwoord slegs TWEE vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 3: *BOESMAN EN LENA* DEUR ATHOL FUGARD

Lees die uittreksel uit *Boesman en Lena* hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| LENA: | Moenie grootpraat nie. Jy's bang vir die tou. Wanneer jy ophou slaan, is dit nie omdat jy moeg is of genoeg gehad het nie. Jy's bang! Ja.<br>[Pouse]<br>Ja. Dis dan wanneer ek dit die ergste voel. Wanneer jy dit versigtig doen. Die laaste paar … Wanneer jy mik. Ek tel hulle. Een … nog een … wag vir die volgende een! Hy rus net.<br>[Pouse]<br>Jy's reg, Boesman. Dit is 'n bewys. Wanneer ek dit voel, sal ek weet. Ek is Lena. |
| BOESMAN: | [*onomwonde*] En ek is Boesman. |
| LENA: | Boesman en Lena. |
| BOESMAN: | Ja! Dis wie. Dis wat. Wanneer ... waar ... hoekom! Al jou *blerrie* nonsensvrae. Dis die antwoord. |
| LENA: | Boesman en Lena. |
| BOESMAN: | So hou op om hulle te vra!<br>[*Pouse ... hy werk weer aan die skuiling. Hy probeer self die 'antwoord'.*]<br>Boesman en Lena. Ja! Dit verduidelik als. So dis nog 'n vrot ou huisie vir die vrot mens. Kyk net daarna! *Useless*, *hey*. As dit vannag reën, is jy nat. As die wind hard waai, tel jy die sterre. |
| LENA: | Ek weet hoe dit daarbinne is! |
| BOESMAN: | Dis al wat jy ooit sal weet. |
| LENA: | Ek is siek en sat daarvoor! |
| BOESMAN: | Siek en sat daarvoor! Wil jy in 'n huis bly? Wat dink jy is jy? 'n Wit *madam*? |
| LENA: | Dit was nie altyd soos nou nie. Daar was beter tye. |
| BOESMAN: | Miskien in jou drome. |
| LENA: | Wat van Veeplaas? Houtkap vir die *Chinaman*? Daardie kamer in sy *backyard*. Regte kamer, met 'n deur en als. |

3.1 Verwys na reël 1–9.

3.1.1 Waarvan is die tou simbolies en waarom is Boesman bang daarvoor? (4)

3.1.2 Beskryf hoe 'n aktrise wat die rol van Lena vertolk, hierdie reëls vokaal en fisies kan voordra om die harde werklikheid van haar lewe realisties oor te dra. (3 x 2) (6)

3.1.3 Ondersoek die tema van mishandeling, soos wat in hierdie reëls beklemtoon word, en die teks as 'n geheel. Verwys na TWEE spesifieke voorbeelde om jou antwoord te ondersteun. (8)

3.2 'Dit was nie altyd soos nou nie. Daar was beter tye.' (Reël 25)

Watter stem- en toonvariasies sou die aktrise wat Lena speel, in die reël hierbo gebruik om Boesman en Lena se verhouding in die verlede voor te stel? (4)

3.3 Verduidelik hoe die frase 'nog 'n vrot ou huisie vir die vrot mens' (reël 17–18) op 'n gepaste wyse Boesman en Lena se lewe en lewensomstandighede beskryf. (4)

3.4 Regverdig Fugard se keuse van die plasing van hierdie drama in 'n spesifieke omgewing. (4)
**[30]**

**VRAAG 4: *uNOSILIMELA* DEUR CREDO MUTWA**

Lees die bron hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| | [*The dancers rise and start the song 'Indaba, bantwabami' (a story, my children). They leave the Inkundla dancing and go to the Shashalazi where they are joined by another group of dancers. The dancing to the Indaba song is vigorous and soul-stirring.*] |
| STORYTELLER: | Alishone ilanga, bantwabam'. (Let the sun set, my children.) Let your voices die away with the setting sun, in rays of red and gold.<br>[*As he says this the singing grows softer, the dancers return to the Inkundla and sink to the floor like the sun.*]<br>The story you are about to hear begins not in this age nor in this time but in that period beyond the mists of history where, in the fabled land of Amariri, the children of the star had their magic city, Amakhawayiki, which was at this time ruled by Kimamereva the Silent, daughter of Turunda, who had his Great Place on the moon at one time.<br>[*The dancers laugh, recollecting the amusing and amazing tale of Turunda, whom the moon-goddess cheated into building a silver palace on the moon which afterwards she seized for herself.*]<br>The story is on self-understanding, self-discovery, love of your neighbour and love and respect for the laws and religion of your civilised forefathers. So, my children, let us go and reveal the story, not with empty words alone but with shining deeds as well. Khona bantwabam'! |

4.1 Verduidelik die proses/stappe van inheemse Afrika-vertelkunsmetodes soos dit in reël 1–14 na vore kom. (4)

4.2 Gebruik die uittreksel hierbo en vergelyk die tegnieke van inheemse Afrika-vertelkuns met dié van Westerse en/of Indiese vertelkunsmetodes. (4)

4.3 Verduidelik die verwantskap tussen die storieverteller en die kinders, en sê hoe dit die begrip van die drama versterk. (4)

4.4 Wat leer die kinders in die uittreksel nadat die storie vertel is? (2)

4.5 Beskryf hoe jy die toneel hierbo vokaal en fisies sou regisseer. (3 x 2) (6)

4.6 Regverdig die storieverteller se stelling dat *uNosilimela* 'n storie van selfbegrip en naasteliefde is (reël 18–19). (4)

4.7 Bespreek die waarde daarvan om *uNosilimela* te bestudeer om Suid-Afrikaners aan te moedig om inheemse Afrika Teater te ondersteun. (6)

**[30]**

## VRAAG 5: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

*The actors enter and take their positions quickly, simply. Mbongeni sits on the tea-chests at the point they meet in the middle. Percy squats between his legs. As they create their totem, the house-lights dim to blackout.*

*On the first note of their music, overhead lights come on, sculpting them. They become an instrumental jazz band, using only their bodies and their mouths – double bass, saxophone, flute, drums, bongos, trumpet etc. At the climax of their performance, they transform into audience, applauding wildly.*

*Percy stands, disappears behind the clothes rail, Mbongeni goes on applauding. Percy reappears wearing his pink nose and a policeman's cap. He is applauding patronisingly. Mbongeni stares at him, stops applauding.*

PERCY: Hey! Beautiful audience, hey? Beautiful musician, nè? Okay, now let us see how beautiful his pass-book is! (*To appalled Mbongeni*) Your pass!

MBONGENI: (*playing for time*): Excuse my boss, excuse me? What?

PERCY: (*smugly, to audience with his back to Mbongeni*): Okay. I'll start again. You know you're a black man, don't you?

MBONGENI: Yes, my boss.

PERCY: And you live here in South Africa?

MBONGENI: (*attempting to sidle off-stage behind Percy's back*) Yes, my boss.

PERCY: So you know that you must always carry your pass.

MBONGENI: Yes, my boss.

PERCY: Okay, now what happens if you don't have your pass?

MBONGENI: I go to jail, my boss.

5.1 Verwys na reël 1–13.

5.1.1 Hoe gebruik die akteurs hul liggame en stemme om 'n opvoering met slegs beperkte toegang tot rekwisiete en kostuums te skep? (4)

5.1.2 Verduidelik hoe die akteurs in staat was om 'n geloofwaardige atmosfeer regdeur die produksie te handhaaf ten spyte van die basiese (eenvoudige) stelontwerp. (2)

5.2 *Woza Albert!* is 'n werkswinkeldrama wat teen die onderdrukkende toestande van apartheid-Suid-Afrika geprotesteer het.

5.2.1 Noem die woorde wat herhaaldelik in reël 16–25 gesê word en bepaal waarom dit in die tyd van apartheid as sosiaal aanvaarbaar, maar ook vernederend, beskou is. (4)

5.2.2 Hoe kon omstandighede en toestande in Suid-Afrika ná 1994 verander het met betrekking tot die bron hierbo? (4)

5.3 *Woza Albert!* is 'n werkswinkeldrama wat in apartheid-Suid-Afrika geskep is. Noem die uitdagings om 'n werkswinkeldrama wat van die teks afgelees word ('scripted') ná 1994 in Suid-Afrika te gebruik. (4)

5.4 As die regisseur van 'n skoolproduksie, regverdig jou keuse van 'n plek ('venue') om die drama op te voer. (4)

5.5 Bespreek hoe die Dramatiese Kunste-klas die uittreksel as 'n stimulus (beginpunt) sou kon gebruik vir 'n opvoering om bewustheid oor die rasse-onenigheid, klasseskeiding en xenofobie in die verlede te skep. Watter prosesse/metodes sou jy gebruik om jou opvoering/voorstelling te skep? (8)
**[30]**

## VRAAG 6: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE-TEATERGESELSKAP

Bestudeer die bron hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> *Sophiatown* was oorspronklik 'n werkswinkelproduksie deur die Junction Avenue-Teatergeselskap en dit het een van die Suid-Afrikaanse klassieke tekste geword wat historiese gebeure wat die nasie gevorm het, weerspieël. Die toneelstuk vertel die tragiese verhaal van een van die gevalle van gedwonge verskuiwings in Suid-Afrika in die 1950's in opdrag van die regering van daardie tyd onder die Wet op Hervestiging van Naturelle.
>
> Die kleurvolle karakters sluit Mamariti, 'n sjebienkoningin, en *Drum*-tydskrifjoernalis, Jakes, wat daarvan droom om interessante stories oor die lewe in Sophiatown te vertel, in. Mamariti het 'n dogter, Lulu, 'n parmantige 16-jarige skoolmeisie, en 'n seun, Mingus, 'n berugte bendelid wat sy wrede gewoontes regverdig deur te sê 'hy steel van die rykes en verkoop aan die armes'. Sy meisie, Princess, en sy makker, Charlie, is die ander karakters wat in Mamariti se eiendomsreghuis woon.
>
> Hierdie is 'n tipiese gemeenskap in 'n swart township wie se normale gang onderbreek word deur die aankoms van 'n Joodse wit meisie, Ruth, wat reageer op 'n advertensie in die *Drum*-tydskrif om saam met swart mense in Sophiatown te kom woon. Uit nuuskierigheid, en sonder haar ouers se toestemming, besluit sy om die onbekende te betree.
>
> ['n Uittreksel uit *Artsmart*]

6.1 Die kleurvolle karakters in die resensie hierbo is tipies van sekere groepe mense eerder as werklike, realistiese uitbeeldings van individue.

Kies enige TWEE van die karakters en gee 'n gedetailleerde beskrywing van hierdie karakters en die 'groep' wat hulle verteenwoordig. (3 x 2) (6)

6.2 Verduidelik waarom Ruth se reaksie op 'n advertensie in die *Drum*-tydskrif as vreemd/eienaardig beskou mag word. (3)

6.3 Sê hoe Ruth se aankoms die lewe in Mamariti se eiendomsreghuis onderbreek. (3)

6.4 Bespreek of die drama *Sophiatown* 'n akkurate voorstelling van die plek Sophiatown is. Motiveer jou antwoord. (4)

6.5 Verduidelik die term *werkswinkelopvoering*. (2)

6.6 Waarom sal hierdie metode om 'n toneelstuk te skep by die Junction Avenue-Teatergeselskap pas? (4)

6.7 Noem en beskryf die proses/stappe soos dit spesifiek deur die Junction Avenue-Teatergeselskap gebruik is om hierdie toneelstuk te skep. (8)
**[30]**

## VRAAG 7: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Lees die uittreksel uit *Nothing but the Truth* hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| SIPHO: | You see what you have done to me Themba. Even when you are dead, ashes in that vase, you are still making my life a misery. Why? Why Themba? |
| MANDISA: | Because he loved you! |
| THANDO: | It's true, Daddy. People always hurt those they love the most. Especially family. |
| SIPHO: | Is that true, Mandisa? Did he ever say that? Did he ever say he loved me? |
| MANDISA: | Yes. You can phone my mother right now. During his last days that's all he talked about. You, Uncle Sipho. |
| SIPHO: | I've waited so long to hear that. |
| THANDO: | So you don't blame him for Luvuyo's death? |
| SIPHO: | In my heart I've always known it wasn't his fault. Blaming him gave me a reason to be angry with him and it felt good. It was the only way I could deal with Luvuyo's death. |
| THANDO: | So you forgive him? |
| SIPHO: | I forgave Themba long ago. All I wanted was for your father to come home, stand in front of me and say 'I am sorry, my brother'. |
| THANDO: | For everything. |
| SIPHO: | Yes. For everything. |

7.1 Noem hoe Themba Sipho se lewe onaangenaam gemaak het. (2)

7.2 Dink jy Sipho het uiteindelik vrede gemaak met die dood en verassing van sy broer, Themba? Motiveer jou antwoord deur na die teks te verwys. (3)

7.3 Bespreek die akkuraatheid (waarheid) van Thando se stelling in die konteks van die toneelstuk: 'People always hurt those they love the most.' (Reël 5 ) (4)

7.4 Verduidelik watter stem- en fisiese aanwysings jy aan 'n akteur sou gee wat Sipho speel, om in reël 13–15 aan te dui dat hierdie 'n katartiese (bevrydende) oomblik vir sy karakter in die drama is. (6)

7.5 Waarom sou *Nothing but the Truth* as 'n 'goedgemaakte toneelstuk' ('well-made play') beskryf kon word? (6)

7.6 'Die waarheid sal jou vry maak' is 'n gewilde spreekwoord.

Evalueer hoe, deur die waarheid te aanvaar en te praat, Sipho in staat is om sy duiwels te trotseer en homself deur middel van persoonlike vergifnis en versoening te bevry. Verwys na enige DRIE voorvalle uit die toneelteks. (9)

**[30]**

## VRAAG 8: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

Verwys na die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### BRON A

JOHAN: … You were remembering a poem, you say?

SMITH: Yes, I was. You know how things get stored in the mind somewhere, ready to pop out on the right occasion.
(*Recites*) And under the oppression of the silent fog
The tolling bell
Measures time not by our time, rung by the unhurried
Ground swell, –

JOHAN: (*Out of his depth*) Storms down the coast at the Cape kick up the swells.

SMITH: Those lines seem made for this place, don't you think? The fog, the bell … And seeing that it's unlikely TS Eliot – that's the poet who wrote them – was ever in this part of the world, there must be at least one other place in it just like this, or at least one very similar.

JOHAN: The bell is welded to a buoy … tells the boats where the harbour channel is. The entrance is pretty tight. If the skipper misses it you land up either on the rocks or on the sand bar.

8.1 Verwys na reël 2–3: 'You know how things get stored in the mind somewhere, ready to pop out on the right occasion.'

Verduidelik die betekenis van Smith se stelling met betrekking tot Johan se geestestoestand in die opvoer van die toneelstuk. (3)

8.2 Hoe sal die akteur wat Smith speel, sy stem verander om die gehoor daarvan bewus te maak dat hy die woorde van 'n gedig voordra (reël 4–7)? (4)

8.3 Bespreek hoe ELK van die simbole hieronder, wat in reël 9 en 10 genoem word, 'n teaterbeeld word wat die toneelstuk se temas ondersteun:

8.3.1 Die mis (3)

8.3.2 Die klok (3)

8.3.3 Poësie (3)

**BRON B**



**Die karakters Thami, Smith en Johan in *Groundswell***

8.4 Die toneelstuk word deur drie manlike karakters oorheers. Vroue wat genoem word, is óf dood óf karakters agter die skerms.

Bespreek die belangrikheid van die rol van hierdie afwesige vroue in die ontwikkeling van die intrige en temas van die toneelstuk. (5)

8.5

> Thami, Johan en Smith is drie onrustige mans wat deur hul regering mishandel is, alhoewel elk op 'n ander manier. En met die finale verdonkering gaan hul stryd voort. – RJ Donovan

Bespreek hoe die toneelstuk die mate waartoe ELKEEN van hierdie drie karakters deur apartheid benadeel is, openbaar. (9)

**[30]**

## VRAAG 9: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

Lees die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### BRON A

TJOKKIE: … Wil oom Giel en Ma nou uiteindelik trou? Na hoeveel jaar se saamslapery?

GIEL: Jy moenie lelike goed praat nie. Ons is nie sleg nie. Jy weet jou ma wil nie met my trou nie oor die pensioen.

TJOKKIE: Oom Giel bly nie by Ma nie, oom Giel bly by die pensioen.

GIEL: Ek sal nie dat jou beledigings op my vat nie. Ek en jou ma het 'n reine liefde vir mekaar. Soos 'n man en 'n vrou mekaar moet lief hê.

TJOKKIE: Dis die waarheid orraait.

GIEL: Skaam jy jou nie? Ek was altyd goed vir julle. (*Hy kyk na die spreuk.*) Soos 'n vader, kan jy sê.

TJOKKIE: By die pensioenkos en onder die komberse!

GIEL: Ek praat nie kombersstories met kinders nie. (*Hy draai vererg om om te loop. Tjokkie werk verder.*)

TJOKKIE: Kombersstories! Jar!

9.1 Noem watter probleme in terme van Ma se pensioen geskep sou word as Ma en oom Giel sou trou. (2)

9.2 Verduidelik wat Ma se gevoelens is oor 'n moontlike huwelik met oom Giel. (2)

9.3 'Oom Giel bly nie by Ma nie, Oom Giel bly by die pensioen.' (Reël 5)

Bespreek hoe Tjokkie se stelling tot die dramatiese spanning in die drama as geheel bydra. (5)

9.4 Verduidelik watter stem- en fisiese aanwysings jy aan die akteur sou gee wat oom Giel speel om sy veranderende bui in hierdie uittreksel uit te beeld.(4 x 2) (8)

9.5 Beskryf hoe die toneelstuk se verhoogplasing in die erf waar Tjokkie aan sy motor werk, die ekonomiese en maatskaplike posisie van die karakters in die tyd van die toneelstuk se eerste produksie voorstel. (4)

### BRON B

Ma is die ruggraat van die gesin, aangesien Pa nog vermis – vermoedelik dood – is. Haar dogter Tiemie wil uit die buurt wegkom, maar is swanger, waarskynlik met Jakes, 'n plaaslike bendelid, se kind. Tjokkie, haar boetie, is 'n siener. Hy word gedwing om 'die toekoms te sien' deur opportunistiese karakters wat sy gawe vir hul eie doele wil gebruik – met tragiese gevolge.

[Bron: *Republikein*, 3 September 2009]

9.6 Evalueer tot watter mate die aanhaling hierbo 'n akkurate beoordeling van die karakters Ma, Tiemie en Tjokkie is. (3 x 3) (9)

**[30]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 10: *MIS* DEUR REZA DE WET**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

(*… Terwyl die twee vroue naaldwerk doen, sak 'n tou uit die valdeur tot ongeveer 'n meter van die vloer af.*)

MIEM: (*Sien die tou onmiddellik.*) Die mandjie is op die tafel. (*Meisie staan effens huiwerig op en bind vinnig die mandjie aan die tou vas.*) Moenie so haastig wees nie. Bind dit goed vas.

MEISIE: (*Fluisterend.*) Ek is bang ... as ek opkyk, sien ek dalk sy maer, ou wit hand.

MIEM: (*Sag, maar kwaad.*) Skaam jou! Jou eie pa! (*Sy staan moeilik op en bind die tou styf aan die mandjie vas.*) Gaan maar voort. Trek dit op. (*Die mandjie gaan op. Meisie gaan sit weer en hervat haar werk, lyk verward.*) (*Kyk op en praat hard.*) Nee, wag 'n bietjie. Laat dit weer afkom. (*Die tou sak weer.*) (*Beweeg na die tafel.*) Ek het vir jou 'n halwe brood gebak. (*Sy sit die brood in die mandjie en kyk op.*) Daar's hy. Jy kan dit optrek! (*Sy sit terug en hervat haar werk soos die mandjie opgaan.*) (*Sy kyk op. Hard.*) O ja! Onthou die emmer! Dis al twee dae! (*Sag aan Meisie.*) Hy was so rusteloos vanmiddag, jy weet. (*Sy sit haar voet weer op 'n stoel.*)

MEISIE: (*Knik.*) Ek het gehoor. (*'n Sagte, kermende wind kan gehoor word.*)

10.1 Verduidelik die betekenis en visuele effek van die mandjie wat van die dak laat sak word. (3)

10.2 Miem sê: 'Onthou die emmer!' (Reël 16)

10.2.1 Sê waarom dit nodig is dat Miem die pa aan die emmer herinner. (2)

10.2.2 Lewer kommentaar op die breër simboliek van die emmer in die toneelstuk as geheel. (3)

10.3 Beskryf hoe jy die aktrise wat Meisie speel, sal regisseer om verskeidenheid in toon en tempo te gebruik wanneer sy sê: 'Ek is bang ... as ek opkyk, sien ek dalk sy maer, ou wit hand.' (Reël 6) (2 x 2) (4)

10.4 Regverdig die gebruik van gedetailleerde verhoogaanwysings deur die dramaturg vir die regisseur en diegene wat *Mis* bestudeer. (6)

10.5 *Mis* is 'n toneelstuk van die verbeelding waarin sensualiteit 'n belangrike rol speel. Hallusinasie raak 'n werklikheid.

Evalueer en bespreek hoe die stelling hierbo, wat in 'n artikel oor 'n produksie van *Mis* gebruik is, die toneelstuk se intrige, genre en temas weerspieël. (3 x 4) (12)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: PAS PERSOONLIKE HULPBRONNE TOE, EN BESIN EN EVALUEER

AFDELING C is VERPLIGTEND.

### VRAAG 11

Lees die vertaling van 'n uittreksel uit *The Birthday* deur Fiona Coyne en beantwoord die vrae wat volg. *The Birthday* vind in 'n kraaminrigting in Suid-Afrika plaas. Noreen en Robert (wit) wag vir hul skoondogter om geboorte te gee en Ronald (bruin) wag vir sy dogter om geboorte te gee.

| | |
|---|---|
| RONALD: | Isaacs. Ronald Isaacs. (*Hy steek sy hand uit om te groet. NOREEN neem dit nie.*) |
| NOREEN: | Is dié jou eerste kleinkind, meneer Isaacs? |
| RONALD: | Ja, dis die eerste keer dat ek 'n oupa gaan wees. Noem my Ronald. |
| NOREEN: | Ek is mevrou Greenwood, en dit is my man. |
| ROBERT: | Meneer Greenwood. |
| NOREEN: | Gaan spoel jou gesig af, Bob. (*Robert sug en gaan uit. Daar is 'n ongemaklike stilte*.) So, jy is hier vir jou dogter? |
| RONALD: | Ja, my klein Ophelia. |
| NOREEN: | So 'n sonderlinge (ongewone) naam. Wat is haar van ...? |
| RONALD: | Isaacs. |
| NOREEN: | Nee, ek bedoel haar getroude van. |
| RONALD: | Sy is nie getroud nie. |
| NOREEN: | O, my genade. Ek is so jammer. Maar ek het gelees dat dit baie met julle mense gebeur. Hoe hartseer. Weet jy ten minste wie die pa is? |
| RONALD: | Ja. |
| NOREEN: | Wel, dit is ten minste iets. Is hy hier vandag? |
| RONALD: | Ek twyfel sterk. |
| NOREEN: | Hoekom? |
| RONALD: | Hy is dood. Messteekongeluk. |
| NOREEN: | O … aarde … ja … foei tog. Dis jammer. |

| | |
|---|---|
| RONALD: | Ha! Daar is 'n TV. Hulle het 'n TV hier! Dankie, dankie, dankie! |
| NOREEN: | Het jy nie 'n TV by die huis nie? |
| RONALD: | Ja, natuurlik. Maar – en ek weet nie of jy dit opgemerk het nie – ek is nie nou by die huis nie. En die rugby is nou aan. Sjoe, ek was so bekommerd ek gaan die wedstryd mis. Ek het nie gedink hulle sal 'n TV hier hê nie. |

11.1 Wat vertel Noreen en Ronald se fisiese en gesproke groet (reël 1–5) vir ons van elkeen se persoonlikheid? (4)

11.2 Verwys na Noreen se kommentaar in reël 10–21. Beskryf hoe die aktrise wat Noreen speel, toonveranderinge sal gebruik om die verskuiwing in haar begrip van Ronald se situasie te illustreer. (4)

11.3 Hoe sal jy stemvariasies in tempo en pouse gebruik om by te dra tot die humor van Ronald se woorde (reël 22 en reël 24–26) toe hy ontdek dat daar 'n TV in die wagkamer is? (4)


11.4 Verduidelik hoe hierdie toneel komiese karakters gebruik om doeltreffend aan ernstige kwessies (vooroordeel en geweld) aandag te gee. (3)

**[15]**

**VRAAG 12**

Verwys na die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**




***Synonyms for Seth*** **deur Tshwane Dansgeselskap**

Uittreksels uit resensies:

Die meeste van die choreografie is rondom en bo-op 'n spesiaal geboude sekuriteitsvalhek gekoördineer. Die ballet handel oor fisiese en geestelike struikelblokke en die inherente verlamming (onvermoë om tot aksie oor te gaan) wat deur vrees veroorsaak word. – Mixael de Kock

Die werk ondersoek kwessies wat te doen het met vertroue, groei en oorwinning. – Moira de Swart

12.1 Die foto in BRON A is 'n aksiefoto wat danser A hoog in die lug vasvang. Watter fisiese vaardigheid sal danser A nodig hê om hierdie rol te vertolk? (1)

12.2 B dui 'n valhek aan wat gewoonlik gebruik word as 'n sekuriteitstoestel om te verhoed dat mense by paaie of besighede ingaan. Dit is 'n ongewone hulpmiddel vir 'n dansgroep om te gebruik.

Verduidelik hoe die valhek 'n doeltreffende deel van die stel is wat die dansers help om 'n meer gevarieerde opvoering te skep. (4)

12.3 Persoon C verskaf 'n balans wat die valhek onder hou.

Noem hoe jy die dansers (D) sou choreografeer (regisseer) om weg te beweeg van die valhek af as dit opgelig word om die indruk by die gehoor te skep dat die dansers bang (vol vrees) is. (5)

12.4 Die valhek (B) is 'n fisiese versperring en rekwisiet op die verhoog, maar dit is ook simbolies van struikelblokke in die samelewing.

Gebruik BRON A (die foto en die resensies) en jou ervaring van beweging, en bespreek tot watter mate die gebruik van simboliek in dans suksesvol kan wees. (5)

**BRON B**

12.5 Die akteur moet sy liggaam ontwikkel. Die akteur moet aan sy stem werk. Maar die belangrikste ding waaraan die akteur moet werk, is sy verstand.
– Stella Adler

12.5.1 Beskryf, in besonderhede, 'n oefening wat stemkrag en -soepelheid sal ontwikkel. (5)

12.5.2 As 'n leerder wat Dramatiese Kunste bestudeer, verduidelik hoe suksesvol jy was om jou liggaam as 'n instrument vir optrede/opvoering te ontwikkel. (6)

12.5.3 Bespreek die akkuraatheid van die stelling: '… die belangrikste ding waaraan die akteur moet werk, is sy verstand.' In jou antwoord, gebruik voorbeelde uit jou eie Dramatiese Kunste-ervaring. (4)
**[30]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 13

Beantwoord EEN van die volgende drie vrae: VRAAG 13.1 OF VRAAG 13.2 OF VRAAG 13.3.

Jou antwoord moet ongeveer EEN bladsy lank wees.

13.1 **LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)**

> Toneelspel het te doen met die absorpsie van ander mense se persoonlikhede en die byvoeg van 'n bietjie van jou eie ervaring.
> – Jean-Paul Sartre

Gebruik jou eie toneelspelervaring en bespreek die geldigheid (waarheid) van die aanhaling hierbo. Ondersteun jou antwoord deur na die beginsels van drama te verwys. **[15]**

**OF**

13.2 **MEDIASTUDIES (KEUSEVRAAG)**

> Videokameras en selfone is goedkoop hulpmiddels wat van enigiemand 'n filmmaker kan maak. Dit is nie meer nodig om filmteorie of -produksie te studeer nie.

Bespreek die geldigheid (waarheid) van hierdie stelling. Ondersteun jou mening deur na filmteorie en -praktyk en jou eie ervarings te verwys. **[15]**

**OF**

13.3 **KULTURELE OPVOERING EN RITUELE (KEUSEVRAAG)**

> Diereofferandes is sedert die vroegste tye gebring. Dit gaan nie net oor die vleis en die vloei van bloed nie, maar ook oor 'n goed gekonstrueerde reeks gerepeteerde opeenvolgings wat tot 'n dramatiese klimaks opbou waar die deelnemers met die god van hul opvatting kommunikeer.

Bespreek die geldigheid (waarheid) van hierdie stelling. Ondersteun jou mening deur te verwys na die verwantskap tussen kulturele opvoering, ritueel en teater. Jy mag voorbeelde uit jou eie kulturele ervaring gebruik. **[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou